

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:7 (24:7)

- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloop het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 3 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Gebed.

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: Lukas 11

Teks: Lukas 11:13; Kategismus Sondag 20

**As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee,
hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat
Hom bid? (Lukas 11:13 AFR1953)**

Ons bely in die apostoliese geloofsbelydenis onder andere die volgende:

Ek glo in die Heilige Gees.

In die geloofsbelydenis van Nicea bely ons ook die Heilige Gees – maar meer volledig:

***Ons glo in die Heilige Gees wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en
die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy
het deur die profete gespreek.***

Wie of wat is die Heilige Gees wat ons bely? Waar kom Hy vandaan en wat doen Hy?

- Die antwoorde op die dinge is eenvoudig vir diegene wat geloof het.

- Vir ongelowiges – met ander woorde mense in wie die Heilige Gees nie werk nie – is die wese en die Godheid van die Heilige Gees dinge wat onaanvaarbaar is.

Die Wese van God is so groot dat ons as mense bitterlik min daarvan kan begryp. Daarom kan 'n ware gelowige slegs aanvaar en glo wat God in sy Woord aan hom openbaar.

Wat openbaar die Bybel aan ons?

Die Bybel openbaar dat die Enige God in drie afsonderlike Persone werk. Elke Persoon werk op 'n unieke manier om ons verlossing te bewerk.

- Die Vader is die Opsteller en Onderhouer van sy ewige Raad.
 - In hierdie raad besluit Hy onder andere dat ons mense sal lewe tot sy eer. Hy besluit watter mense tot sy eer sal bestaan en watter nie.
- Die tweede Persoon van die Godheid is die Seun – die Here Jesus Christus.
 - Hy is ons Verlosser en Saligmaker, want Hy sterf aan die kruis vir ons.
- Die derde Persoon van die Godheid is die Heilige Gees.

Die Bybel openbaar aan ons dat die werk van die Heilige Gees is dat Hy die gelowiges wat aan God behoort, heilig maak. Hy maak ons toegang na God die Vader toe moontlik.

En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. (Efesiërs 2:16-18 AFR1953)

Hierdie gedeelte in die Bybel openbaar baie duidelik hoe die Here Jesus ons toegang deur sy verdienste laat gebeur: . . . die toegang deur een Gees tot die Vader. (Efesiërs 2:18 AFR1953)

Die Heilige Gees lei ons om onself in ons sondes te ontdek sodat ons die genade van God kan ken en soek. Ons lees onder andere op die volgende plekke daarvan:

Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. (1 Korintiërs 2:11-12 AFR1953)

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13 AFR1953)

Die Heilige Gees is God self. Daarom gaan Hy van God die Vader en van God die Seun af uit na ons toe.

Wat kom doen Hy by ons – of met ons?

- Hy kom leer ons om God se genade te kan verstaan en ken.
- Hy lei ons om die genade van God te kan aangryp.

Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! (Romeine 8:15 AFR1953)

Dink ook veral aan die woorde wat aan die gemeente in Korinte geskryf is.

- Hulle is daaraan herinner dat hulle uit die sonde van die wêreld uitgeruk is, en dat hulle nou juis nie meer die sondige gees van die wêreld het wat in hulle woon nie.
- Hulle het nou die Gees wat uit God is – dit is die Heilige Gees – wat in hulle woon.
- Die Heilige Gees het hulle juis geleer om die genade van God te kan ken:

Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

(1 Korintiërs 2:12 AFR1953)

As dit dan so maklik en eenvoudig is, waarom is daar vandag so baie ongelowiges – selfs ongelowiges wat eers gelowiges was?

- Hierdie antwoord word ook deur die Here gegee.
- Dit is 'n skrikwekkende antwoord: Die Here gee nie sy Heilige Gees vir enige mens nie.

. . . die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. (Johannes 14:17 AFR1953)

Die dissipels wou ook eenkeer weet waarom daar mense is wat die Here se wonderwerke kan sien en sy preke hoor en dan word hulle gelowig, terwyl daar ander is wat dieselfde wonderwerke sien en ook dieselfde preke hoor as die ander wat gelowige geword het, maar hulle kom nie tot bekering nie. Toe antwoord Hy en sê vir hulle:

Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. (Matteus 13:11 AFR1953)

Die Here se antwoord beteken dat God die Heilige Gees nie aan diegene wat ongelowig bly, gegee is nie. Die Heilige Gees werk geloof in 'n mens. As Hy nie vir iemand gegee word nie, kan daardie persoon nie tot bekering kom nie.

Daar is meer soortgelyke uitsprake in die Bybel. Luister maar net na die volgende:

Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is. (Matteus 19:11 AFR1953)

En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie. (Lukas 8:10 AFR1953)

'n Baie treffende gedeelte in die Bybel is die vers in Handeling 5 wat dit so mooi duidelik maak dat getuieis (met ander woorde: wat jy glo!) en gehoorsaamheid aan God vasgemaak is aan die feit dat die Heilige Gees vir sulke mense gegee is.

En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is. (Handeling 5:32 AFR1953)

Die samevatting van dit alles is dat God sekere mense sy kinders maak. Vir daardie mense gee Hy sy Heilige Gees. Dit maak dat hulle verstaan dat hulle kinders van God is en hulle aanbid God dan as hulle Vader.

En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (Galasiërs 4:6 AFR1953)

In die moderne tyd word die werk van die Heilige Gees baie bespot en ontken. Die mense wat dit doen, kan nooit gered word nie. Hulle kan net nie in die ewige lewe wees nie, want God openbaar dat Hy sulke mense net nie daar toelaat nie.

Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie. (Matteus 12:31-32 AFR1953)

Waar staan ons dan nou? Ons is verseël in die verlossing van die Here Jesus Christus. Daarom is God die Heilige Gees aan ons gegee.

Hy laat ons die evangelie van verlossing hoor.

Dan laat Hy ons dit glo!

Ons is dus voluit deel van die verlossing en herskepping deur die Here Jesus Christus.

Hoe weet ek dit?

Juis die feit dat die Heilige Gees my die dinge laat glo, beteken dat die Here Jesus Hom as 'n seël en waarborg aan ons gegee het.

Onthou die openbaring van die Here wat leer:

. . . in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlijkheid. (Efesiërs 1:13-14 AFR1953)

Kom ons kyk wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 20:

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).

(a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16; 1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22; Ef 1:13. (c) Gal 3:14; 1 Pet 1:2; 1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16; 1 Pet 4:14.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 31:15 (p. 147)

15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 6 Junie 2010
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 1 September 2013